# Nagesiende resultate

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2010

PALADIN CAPITAL

### VERKORTE GROEPSTAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| op 28 Februarie 2010 | Nota | 28 Feb 2010 Rm | 28 Feb 2009 Rm |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| Belegging in geassosieerde maatskappye | 2 | **1 052.1** | 709.8 |
| Uitgestelde belasting | | **2.8** | 1.1 |
| Finansiële bates | | | |
| Ekwiteitsekuriteite | | | 2.6 |
| Lenings en voorskotte | | | 19.5 |
| Debiteure | | **0.2** | 2.0 |
| Kontant en kontantekwivalente | | **2.3** | 0.1 |
| Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop | | | 36.7 |
| **Totale bates** | | **1 057.4** | 771.8 |
| **Ekwiteit** | | | |
| Gewone aandeelhouersekwiteit | | **1 009.8** | 602.0 |
| Minderheidsbelang | | | 1.7 |
| *Totale ekwiteit* | | **1 009.8** | 603.7 |
| **Laste** | | | |
| Finansiële laste | | | |
| Lenings | | **42.2** | 150.7 |
| Handels- en ander krediteure | | **5.3** | 1.1 |
| Huidige belastinglaste | | **0.1** | |
| Laste direk verwant aan nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou vir verkoop | | | 16.3 |
| *Totale laste* | | **47.6** | 168.1 |
| **Totale ekwiteit en laste** | | **1 057.4** | 771.8 |
| **Netto batewaarde per aandeel (sent)** | | **175.7** | 151.9 |

### VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT

| vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 | Nota | 28 Feb 2010 Rm | 28 Feb 2009 Rm |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | |
| Beleggingsinkomste | | **21.0** | 24.0 |
| Billikewaarde-wins/(verlies) op finansiële instrumente | | | (2.2) |
| Fooi-inkomste | | **0.7** | |
| Ander bedryfsinkomste | | **1.0** | 0.5 |
| **Totale inkomste** | | **22.7** | 22.3 |
| **Uitgawes** | | | |
| Administratiewe en ander uitgawes | | **(10.2)** | (9.1) |
| Waardedalings | | **(7.0)** | – |
| | | **(17.2)** | (9.1) |
| **Resultate van bedryfsaktiwiteite** | | **5.5** | 13.2 |
| Finansieringskoste | | **(13.6)** | (12.5) |
| Deel van winste/(verliese) van geassosieerde maatskappye | | **168.4** | (43.6) |
| **Netto wins/(verlies) voor belasting van voortgesette bedrywighede** | | **160.3** | (42.9) |
| Belasting | | **1.6** | (0.2) |
| **Netto wins/(verlies) van voortgesette bedrywighede** | | **161.9** | (43.1) |
| **Netto wins vir die jaar van beëindigde bedrywighede** | | **17.7** | 8.7 |
| | | **179.6** | (34.4) |
| **Toeskryfbaar aan:** | | **179.6** | (34.4) |
| – minderheidsbelang | | | 2.8 |
| – aandeelhouers van die maatskappy | | **179.6** | (37.2) |
| Toeskryfbaar aan aandeelhouers van die maatskappy | | **179.6** | (37.2) |
| Nie-wesensitems | 3 | **37.7** | 19.2 |
| **Wesensverdienste/(verlies)** | | **217.3** | (18.0) |
| **Wins/(verlies) per aandeel (sent)** | | | |
| – toeskryfbare | | **36.3** | (9.5) |
| – wesens | | **43.9** | (4.6) |
| **Dividend per aandeel (sent)** | | | |
| – tussentydse | | **–** | 2.5 |
| – finale | | **–** | 2.5 |
| **Getal aandele (miljoen)** | | | |
| – uitgereik | | **574.6** | 396.2 |
| – geweegde gemiddelde | | **495.4** | 390.6 |

### VERKORTE GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 | 28 Feb 2010 Rm | 28 Feb 2009 Rm |
|---|---|---|
| Netto wins/(verlies) van die groep | **179.6** | (34.4) |
| Deel van reserwebewegings van geassosieerde maatskappy | **12.3** | |
| **Totale omvattende inkomste/(verlies) vir die jaar** | **191.9** | (34.4) |
| **Toeskryfbaar aan:** | **191.9** | (34.4) |
| – minderheidsbelang | | 2.8 |
| – aandeelhouers van die maatskappy | **191.9** | (37.2) |

### VERKORTE GROEPSTAAT VAN KONTANTVLOEI

| vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 | 28 Feb 2010 Rm | 28 Feb 2009 Rm |
|---|---|---|
| **Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite** | | |
| Kontant gegenereer /(aangewend) deur bedryfsaktiwiteite | **18.0** | (54.0) |
| Belasting betaal | | (6.7) |
| *Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite* | **18.0** | (60.7) |
| *Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite* | **(164.0)** | (71.1) |
| *Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite* | **144.3** | 131.4 |
| **Netto afname in kontant en kontantekwivalente** | **(1.7)** | (0.4) |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van die tydperk | **4.0** | 4.4 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van die tydperk** | **2.3** | 4.0 |
| – voortgesette bedrywighede | **2.3** | 0.1 |
| – beëindigde bedrywighede | | 3.9 |

### VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 | 28 Feb 2010 Rm | 28 Feb 2009 Rm |
|---|---|---|
| **Gewone aandeelhouersekwiteit aan begin van die tydperk** | **602.0** | 633.6 |
| Netto aandele uitgereik (na terugkope en aandele-uitgiftekoste) | **342.1** | 26.7 |
| Totale omvattende wins/(verlies) | **191.9** | (37.2) |
| Ander reserwes | **(116.3)** | |
| Dividend betaal | **(9.9)** | (21.1) |
| **Gewone aandeelhouersekwiteit aan einde van die tydperk** | **1 009.8** | 602.0 |
| **Minderheidsbelang** | **–** | 1.7 |
| Begin van tydperk | **1.7** | 1.1 |
| Netto wins vir die tydperk | | 2.6 |
| Beweging in belange in filiale | **(1.7)** | (0.3) |
| Dividend betaal | | (1.7) |
| **Totale ekwiteit aan einde van die tydperk** | **1 009.8** | 603.7 |

### BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

| vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 | 28 Feb 2010 Rm | 28 Feb 2009 Rm |
|---|---|---|
| **Herhalende wesensverdienste** | **80.5** | 71.3 |
| Ekwiteitverantwoorde wesensverdienste van geassosieerde maatskappye | **87.1** | 68.0 |
| Ander (uitgawes)/inkomste | **(6.6)** | 3.3 |
| **Herhalende (deursigtige) wesensverdienste (Thembeka)** | **26.2** | 19.9 |
| **Befondsing en SBM** | | |
| Paladin | **(11.2)** | (13.0) |
| **Totale herhalende wesensverdienste** | **95.5** | 78.2 |
| **Nie-herhalende wesensverdienste/(verlies)** | **121.8** | (96.2) |
| Merk-tot-mark-beweging en dividendinkomste (Thembeka) | **148.3** | (76.3) |
| Minus: herhalende (deursigtige) verdienste (Thembeka) | **(26.2)** | (19.9) |
| Ander inkomste en uitgawes | **(0.3)** | |
| **Totale wesensverdienste** | **217.3** | (18.0) |
| **Statistiek** | | |
| Herhalende WVPA (sent) | **19.3** | 20.0 |
| WVPA (sent) | **43.9** | (4.6) |

**Wesensverdienste** styg tot **43.9 sent** per aandeel, teenoor 'n verlies van 4.6 sent per aandeel die vorige jaar

**Herhalende wesensverdienste** daal met **3.5% tot 19.3 sent** per aandeel

**Intrinsieke waarde** van die portefeulje styg met **140.1% tot R1.17 miljard** en **65.0% tot R2.03** per aandeel

### AANTEKENINGE

**1. Aanbiedingsgrondslag en rekeningkundige beleid**

Die verkorte finansiële state is ooreenkomstig IRS 34 – *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* en die Noteringsvereistes van die JSE opgestel. Die rekeningkundige beleid wat met die opstel van die verkorte finansiële state toegepas is, stem ooreen met dié wat toegepas is met die opstelling van die verkorte finansiële state vir die vorige jaar, met uitsluiting van die volgende standaarde wat van krag is vir die finansiële jaar wat begin op 1 Maart 2009: IRS 1 (gewysig) – *Aanbieding van finansiële state* en IFRS 8 – *Bedryfsegmente*. Die implementering van dié standaarde het geen wesenlike invloed op die resultate nie en het ook nie vereis dat die resultate heraangegee moes word nie.

**2. Belegging in geassosieerde maatskappye**

| | 28 Feb 2010 Rm | 28 Feb 2009 Rm |
|---|---|---|
| Drawaarde | | |
| – genoteer | **417.3** | 246.1 |
| – ongenoteer | **634.8** | 463.7 |
| | **1 052.1** | 709.8 |
| Markwaarde van genoteerde geassosieerdes | **461.2** | 169.3 |
| Direkteurswaardasie van ongenoteerde geassosieerdes | **748.3** | 441.2 |
| | **1 209.5** | 610.5 |

Paladin het op jaareinde sy beleggings in geassosieerde maatskappye getoets vir waardedaling, en die direkteure is tevrede dat die drawaarde daarvan billik is.

**3. Nie-wesensitems (na belasting en minderhede)**

| | 28 Feb 2010 Rm | 28 Feb 2009 Rm |
|---|---|---|
| Waardedaling in beleggings | **60.9** | 10.1 |
| Waardedaling in lenings | **6.0** | |
| Netto wins met verkoop/verwatering van belegging in filiale en minderheidsbelang | **(17.4)** | |
| Netto wins met verkoop/verwatering van belegging in geassosieerde maatskappye | **(8.2)** | |
| Nie-wesensitems van geassosieerde maatskappye | **(3.6)** | 9.1 |
| | **37.7** | 19.2 |

**4. Verpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede**

| | 28 Feb 2010 Rm | 28 Feb 2009 Rm |
|---|---|---|
| Toekomstige aanspreeklikhede ten opsigte van: | | |
| *Eiendomshuurooreenkomste* | | |
| Verskuldig binne een jaar | | 0.4 |
| Een tot vyf jaar | | 0.3 |
| | **–** | 0.7 |
| *Bedryfsbruikhuurkontrak* | | |
| Verskuldig binne een jaar | | 0.8 |
| Een tot vyf jaar | | 0.1 |
| | **–** | 0.9 |

**5. Verwanteparty-transaksies**

Paladin het gedurende die boekjaar sy belang van 74.9% in PSG Capital verkoop en die belang van 9.4% in Petmin gekoop. PSG Groep was 'n party tot beide transaksies as deel van die interne herstrukturering.

Gedurende die jaar het PSG Corporate Services (Edms) Bpk ("PSGCS"), ingevolge 'n bestuursooreenkoms wat gedurende die jaar aangegaan is, Paladin gedebiteer vir bestuursdienste ten bedrae van R5.2 miljoen (2009: Rnul) wat op jaareinde uitstaande was.

PSGCS is ook geregtig op 'n prestasiefooi wat jaarliks bereken word, gebaseer op die appresiasie van Paladin se aandeelprys, met die eerste metingsdatum op 28 Februarie 2011. Die appresiasie in die aandeelprys is die verskil tussen die 30-dae volume geweegde gemiddelde prys van Paladin op jaareinde en die aanvangsprys, synde R1.528. Die aanspreeklikheid kan óf in kontant óf, indien onvoldoende kontant beskikbaar is, nagekom word deur die uitreiking van gewone aandele in Paladin. Indien 'n berekening gedoen sou word op 28 Februarie 2010, sou die prestasiefooi betaalbaar R10.8 miljoen bedra het.

Op 28 Februarie 2010 het die lening betaalbaar aan PSGCS R42.2 miljoen bedra (2009: R65.5 miljoen).

**6. Segmentverslag**

| **Vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010** | **Inkomste Rm** | **Herhalende wesensverdienste Rm** | **Nie-herhalende wesensverdienste Rm** | **Wesensverdienste Rm** | **Netto batewaarde Rm** |
|---|---|---|---|---|---|
| Beleggingsmaatskappye | | **10.3** | **122.1** | **132.4** | **275.7** |
| Dienste | **0.1** | **37.5** | | **37.5** | **203.0** |
| Mynbou, konstruksie en verwante dienste | **18.4** | **56.8** | **(2.5)** | **54.3** | **424.0** |
| Vervaardiging | | **7.3** | | **7.3** | **94.5** |
| Onderwys | | **1.4** | | **1.4** | **51.4** |
| Ander | **1.7** | **(6.6)** | **2.2** | **(4.4)** | **(1.7)** |
| Voor befondsing en SBM | **20.2** | **106.7** | **121.8** | **228.5** | **1 046.9** |
| Befondsing en SBM | **2.5** | **(11.2)** | | **(11.2)** | **(37.1)** |
| Totaal | **22.7** | **95.5** | **121.8** | **217.3** | **1 009.8** |
| Nie-wesens | | | | **(37.7)** | |
| Toeskryfbare | | | | **179.6** | |

| Vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009 | Inkomste Rm | Herhalende wesensverdienste Rm | Nie-herhalende wesensverdienste Rm | Wesensverdienste Rm | Netto batewaarde Rm |
|---|---|---|---|---|---|
| Beleggingsmaatskappye | | 4.3 | (96.2) | (91.9) | 96.4 |
| Dienste | | 27.9 | | 27.9 | 193.6 |
| Mynbou, konstruksie en verwante dienste | 21.5 | 42.8 | | 42.8 | 278.2 |
| Vervaardiging | | 12.9 | | 12.9 | 161.9 |
| Onderwys | | | | | |
| Ander | (1.7) | 3.3 | | 3.3 | 3.6 |
| Voor befondsing en SBM | 19.8 | 91.2 | (96.2) | (5.0) | 733.7 |
| Befondsing en SBM | 2.5 | (13.0) | | (13.0) | (130.0) |
| Totaal | 22.3 | 78.2 | (96.2) | (18.0) | 603.7 |
| Nie-wesens | | | | (19.2) | |
| Toeskryfbare | | | | (37.2) | |

**7. Oorsig deur ouditeure**

Die maatskappy se eksterne ouditeure, PricewaterhouseCoopers Ing., het die verkorte finansiële state nagegaan. 'n Afskrif van hulle ongekwalifiseerde oorsigopinie is op aanvraag by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

### OORSIG

Paladin is PSG Groep se privaatekwiteit-beleggingsmaatskappy in ander sektore as landbou, voedsel en drank. Paladin belê in besighede wat maklik verstaan word, wat beskik oor sterk volhoubare kontantvloei, waar bestuur groot aandeelhouers is en waar Paladin se deel van die wins na belasting gewoonlik meer as R10 miljoen beloop. Paladin is strategies betrokke by die maatskappye waarin hy belê en werk aktief saam met die entrepreneurs en bestuur om hulle besighede verder uit te bou. Paladin het tans 13 beleggings oor die ekonomiese spektrum, wat uit 'n rekeningkundige oogpunt hetsy ekwiteitsverantwoord of teenoor markprys gewaardeer is.

**NOTERING**

Paladin is op 1 September 2009 op die JSE genoteer en het kort daarna R150 miljoen verkry deur middel van 'n afwysbare regte aanbod aan PSG Groep-aandeelhouers.

**RESULTATE**

In die gees van konsekwente, duidelike en ondubbelsinnige kommunikasie aan belanghebbers, het bestuur die konsep van *herhalende wesensverdienste* ingebring as die vernaamste maatstaf van Paladin se finansiële prestasie. Voorheen is *herhalende wesensverdienste* in terme van rekeningkundige standaarde omskryf as rapporteerbare wesensverdienste, met uitsluiting van enige markprys-gewaardeerde bewegings en eenmalige items.

Ons het die afgelope jaar hierdie metodologie hersien en verfyn, deur nou *herhalende wesensverdienste* op 'n *deursigtige grondslag* regdeur die groep te meet. Paladin se *herhalende wesensverdienste* is die som van sy effektiewe belang in dié van sy onderliggende beleggings, ongeag sy persentasie-aandeelhouding. Die resultaat is dat beleggings waarin Paladin of 'n beleggingsinstansie minder as 20% hou en nie toegelaat word om dit ooreenkomstig rekeningkundige standaarde te ekwiteitsverantwoord nie, nou by die berekening van ons *herhalende wesensverdienste* ingesluit is. Dit gee aan bestuur en beleggers 'n meer realistiese en eenvoudige manier om Paladin se finansiële prestasie te beoordeel en bied 'n redelikheidsaanwyser vir die berekening van Paladin se intrinsieke waarde.

Paladin se *herhalende wesensverdienste* het met 22.1% tot R95.5 miljoen gestyg. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n styging in verdienste uit maatskappye waarin belê is, en die insluiting van Petmin se resultate vir die eerste keer. Die *herhalende wesensverdienste* per aandeel het egter met 3.5% van 20.0 sent tot 19.3 sent afgeneem, hoofsaaklik weens die volgende:

- 'n Bykomende 128.2 miljoen aandele met betrekking tot genoemde afwysbare regte aanbod is teen R1.17 per aandeel uitgereik; en
- 'n Verliesbydrae van GRW, 'n vervaardiger van aluminium- en staaltenkwaens, wat kwaai deur die afswaai in die ekonomie getref is. Onlangse resultate het egter aansienlik verbeter, en GRW het weer winsgewend geword.

Paladin se *rapporteerbare wesensverdienste* het tot R217.3 miljoen (43.9 sent per aandeel) gestyg, teenoor 'n verlies van R18.0 miljoen (4.6 sent per aandeel) in die vorige jaar. Hierdie styging is hoofsaaklik toeskryfbaar aan *merk-tot-mark-winste* op Thembeka se beleggingsportefeulje van genoteerde aandele in die JSE Beperk, PSG Groep en Capitec Bank.

**KORPORATIEWE AKSIE**

- Die verkryging van 'n belang van 50% in die privaat skoolgroep Curro, vir R50 miljoen;
- Die verkryging van 'n belang van 9.4% in Petmin by PSG Groep, vir R92 miljoen;
- Die verkryging van 'n bykomende belang van 17.5% in Topfix – 'n verskaffer van steierwerk en -personeel – vir R19.6 miljoen. Paladin besit nou 28.2%;
- Die verkryging van 'n 20.4%-belang in Spirit Capital, 'n uitkoopspesialis met hefboomfinansiering, vir R12.8 miljoen,
- Die verkoop van Paladin se belang in Mainfin en Axon vir 'n totale bedrag van R21.4 miljoen;
- Speel 'n belangrike onderhandelingsrol in die samesmelting van Erbacon met Civcon, waardeur Erbacon se grootte verdubbel het; en
- Thembeka se belangrikste transaksies vir die jaar was die verkryging van 10% van Overberg Agri vir R37.7 miljoen en 'n bykomende 5 miljoen PSG-aandele vir R77.9 miljoen by wyse van 'n aandeleruiling en kontant.

**OORSIG VAN WERKSAAMHEDE**

Paladin groepeer sy 13 beleggings in vyf bedryfsegmente, naamlik beleggingsmaatskappye, dienste, mynbou, konstruksie en verwante dienste, vervaardiging en onderwys.

***Beleggingsmaatskappye (Thembeka en Spirit)***

Die beleggingsmaatskappy-segment het sterk presteer, met *rapporteerbare wesensverdienste* wat tot R132.4 miljoen gestyg het, teenoor 'n verlies van R91.9 miljoen in die vorige jaar. Dit was hoofsaaklik toeskryfbaar aan *merk-tot-mark-winste* by Thembeka.

*Herhalende wesensverdienste* het met 139.5% tot R10.3 miljoen gestyg. Eie aan die aard van Thembeka as 'n SEB-beleggingsmaatskappy, is dit betreklik hoog gerat. Die welkome toename in *herhalende wesensverdienste* is die resultaat van die groei in die onderliggende verdienste van die maatskappye waarin Thembeka belê wat die gepaardgaande befondsingskoste oorskry het.

***Dienste (CIC, IQuad en African Unity)***

*Herhalende wesensverdienste* het met 34.4% tot R37.5 miljoen gestyg.

***Mynbou, konstruksie en verwante dienste (Precrete, Petmin, Erbacon en Topfix)***

*Herhalende wesensverdienste* het met 32.7% tot R56.8 miljoen gestyg. Dit was hoofsaaklik toe te skryf aan Petmin se resultate wat vir die eerste keer en Topfix resultate wat vir die eerste voljaar ingesluit is.

***Vervaardiging (GRW, Lesotho Milling en Protea Gietery)***

Die vervaardigingsegment het teleurstellende resultate getoon, met *herhalende wesensverdienste* wat met 43.4% tot R7.3 miljoen gedaal het. Dit was hoofsaaklik toeskryfbaar aan die genoemde verliesbydrae van GRW.

***Onderwys (Curro)***

Curro is met ingang 1 Julie 2009 verkry. Die resultate vir die jaar was in ooreenstemming met verwagtings vir 'n ontwikkelende maatskappy met hoë groeipotensiaal.

**INTRINSIEKE WAARDE**

Paladin se intrinsieke waarde word bereken deur markwaardes vir genoteerde beleggings en markverwante veelvoude vir ongenoteerde beleggings te gebruik. Terwyl intrinsieke waarde met 140.1% tot R1.17 miljard toegeneem het, was die toename per aandeel 65.0% tot R2.03 per aandeel as gevolg van 'n styging van 45.0% in uitgereikte aandele.

| INTRINSIEKE WAARDE | | 28 FEB 2010 | | | 28 FEB 2009 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| MAATSKAPPY | BESKRYWING | % GEHOU | % VAN PORTE-FEULJE | WAARDE Rm | % GEHOU | % VAN PORTE-FEULJE | WAARDE Rm |
| **Beleggingsmaatskappye** | | | | | | | |
| THEMBEKA | SEB-beleggings-maatskappy | 49% | 23% | 272 | 49% | 19% | 110 |
| SPIRIT | Hefboomuitkope | 20% | 1% | 15 | 0% | 0% | – |
| | | | 24% | 287 | | 19% | 110 |
| **Dienste** | | | | | | | |
| CIC | Verbruiks-goederedienste | 50% | 18% | 213 | 49% | 15% | 87 |
| IQUAD | Uitkontrak-teringsdienste | 43% | 2% | 24 | 42% | 4% | 24 |
| AFRICAN UNITY | Lewens- en verwante versekering | 43% | 1% | 17 | 54% | 2% | 9 |
| | | | 21% | 254 | | 21% | 120 |
| **Mynbou-, konstruksie- en verwante dienste** | | | | | | | |
| PRECRETE | Mynveiligheids- en steundienste | 22% | 14% | 163 | 22% | 16% | 93 |
| PETMIN | Gediversifiseerde mynmaatskappy | 9% | 10% | 120 | 0% | 0% | – |
| ERBACON | Konstruksie | 22% | 8% | 100 | 26% | 14% | 85 |
| TOPFIX | Konstruksie-steundienste | 28% | 4% | 48 | 11% | 2% | 10 |
| | | | 36% | 431 | | 32% | 188 |
| **Vervaardiging** | | | | | | | |
| GRW | Tenkwa-vervaardiging | 40% | 4% | 49 | 40% | 6% | 38 |
| LESOTHO MILLING | Meulens | 25% | 3% | 38 | 25% | 6% | 36 |
| PROTEA GIETERY | Nie-yster-houdendegietery | 50% | 3% | 33 | 50% | 7% | 39 |
| | | | 10% | 120 | | 19% | 113 |
| **Onderwys** | | | | | | | |
| CURRO | Privaat skole-onderwys | 50% | 9% | 100 | 0% | 0% | – |
| | | | 9% | 100 | | 0% | – |
| **Ander** | | | | | | 9% | 59 |
| **TOTALE BELEGGINGS** | | | 100% | 1 192 | | 100% | 590 |
| **NETTO SKULD** | | | 2% | (25) | | 18% | (104) |
| **TOTALE INTRINSIEKE WAARDE** | | | | 1 167 | | | 486 |
| **UITGEREIKTE AANDELE (M)** | | | | 575 | | | 396 |
| **INTRINSIEKE WAARDE PER AANDEEL (SENT)** | | | | 203 | | | 123 |
| **INTRINSIEKE WAARDE PER AANDEEL OP LAASTE PRAKTIESE DATUM (SENT)** | | | | 212 | | | |

Omvattende besonderhede van Paladin se beleggingsportefeulje is op die webwerf beskikbaar by www.paladincapital.co.za.

**VOORUITSIGTE**

Die maatskappye waarin ons belê, is goed gekapitaliseer en geposisioneer om hul besigheid en markaandeel in hul onderskeie industrieë te laat groei. Paladin sal voortgaan om waarde tot hierdie maatskappye toe te voeg deur 'n aktiewe bydrae op 'n strategiese en operasionele vlak te lewer.

Paladin het tot op die laaste praktiese datum die volgende geïnisieer:

- Befondsing van R100 miljoen deur middel van 'n vyfjaar, vastekoers-voorkeuraandeel met dividend en kapitaal betaalbaar op vervaldatum; en
- 'n Bykomende belang van 26% vir 'n beherende aandeel in Curro gekoop (onderhewig aan regulatoriese goedkeuring) vir 'n totale koopsom van R52 miljoen, waarvan R43 miljoen in kontant betaalbaar is en die res in Paladin-aandele. Paladin en Curro se ervare onderwysbestuurspan sal die huidige netwerk van skole aggressief uitbrei. In hierdie verband het Paladin Curro gehelp om 'n vastekoers-leningsfasiliteit van R72.7 miljoen oor 'n 10-jaartermyn te verkry by International Finance Corporation ("IFC"), 'n afdeling van die Wêreldbank.

**DIVIDENDE**

Met inagneming van Paladin se langtermyn-groeistrategie, is die direksie van mening dat dit gepas is dat Paladin in die afsienbare toekoms nie dividende sal betaal nie.

**ALGEMENE JAARVERGADERING**

Die algemene jaarvergadering sal op Vrydag 18 Junie 2010 gehou word by Webersburg, Annandaleweg, Stellenbosch.

Namens die direksie

**Jannie Mouton**
*Voorsitter*

**Francois Swart**
*Uitvoerende Hoof*

Stellenbosch
13 April 2010

**Paladin Capital Beperk** Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika (Registrasienommer: 2007/032836/06) **Aandeelkode:** PLD ISIN ZAE000138970 ("Paladin" of "die maatskappy" of "die groep") **Direkteure** J F Mouton (Voorsitter), F W Swart (Uitvoerende Hoof)*, J Bezuidenhout*, E de V Greyling #, K P Harris #, J A Holtzhausen, P J Mouton, J D Wiese # (* uitvoerend # onafhanklik, nie-uitvoerend) **Sekretaris en geregistreerde kantoor** PSG Corporate Services (Edms) Beperk 1ste Verdieping, Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch 7600 Posbus 7403, Stellenbosch 7599 **Oordragsekretaris** Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk (Registrasienommer 2004/003647/07), Grondverdieping, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001 **Korporatiewe adviseur** PSG Capital (Edms) Beperk **Aangewese adviseur** Questco Sponsors (Edms) Bpk

Hierdie resultate is beskikbaar op ons webwerf by **www.paladincapital.co.za**

GREYMATTER & FINCH # 5227